

Uitverkiesing en Predestinasie ? – Nick Maartens

Inleiding

Om die Bybel reg te verstaan moet ons onthou om 'n belangrike beginsel van Skrifuitleg toe te pas: Skrif moet altyd toegelaat word om Skrif te verduidelik. Wanneer ons gekonfronteer word met 'n skrifgedeelte wat moeilik verstaanbaar is, moet ons eers gaan kyk wat ander maklik verstaanbare versies oor dieselfde onderwerp te sê het. Gewoonlik werp die maklike verstaanbare versies meer lig op dié wat onduidelik is. Wanneer dit lyk of daar skrifgedeeltes is wat mekaar weerspreek, lê die oorsaak gewoonlik in ons gebrekkige begrip, of in 'n swak vertaling van die oorspronklike tale wat ons gebruik. Omdat die Bybel die geïnspireerde Woord van God is, kan daar geen teenstrydighede of ongerymdhede wees nie.

Uitverkiesing

“So sal die wat laaste is, eerste wees, en die wat eerste is, laaste; want baie is geroep, maar min uitverkies” (Matt. 20:16).

Kommentaar: God “roep” **alle mense** tot bekering:

*“Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat **alle** mense gered word en tot kennis van die waarheid kom” (1 Tim.2:4, my beklemtoning).*

“Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom” (2 Pet.3:9).

Maar, alhoewel dit God se wil is dat alle mense gered moet word, is dit nie alle mense se begeerte om tot Christus te kom nie! (Vrye wil is hier ter sprake. Vanaf Adam en Eva, en dwarsdeur die Bybel, word 'n oproep op mense gemaak om 'n regte keuse uit te oefen, bv. Adam en Eva – “...julle mag nie...” (Gen.2:16).

Josua 24:15 – ***“kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: of die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, of die gode van die Amoriëte in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die HERE dien.” (My beklemtoning).***

Matt.23:37 – ***“Jerusalem, Jerusalem,...hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en **julle wou nie!** (My beklemtoning).***

“Want baie is geroep, maar min uitverkies” (Matt.22:14).

Wat dié vers betref, volgens my opinie, geld dieselfde beginsel soos hierbo verduidelik. Almal word deur God tot bekering geroep, maar net dié wat Sy Seun as Verlosser aanneem, word deur die Vader, in Christus “uitverkies.”

Die Seun, as Verlosser, verklaar:

“Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee” (Mat 11:28).

Om te glo dat die “almal” net 'n selektiewe, uitverkore groep mense is wat tot saligheid bestem is, is om met die betekenis van woorde te speel.

*“...soos Hy ons **in Hom uitverkies** het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees (Ef.1:4, My beklemtoning).*

In hierdie vers kom die voorkennis van God ter sprake. Omdat God tyd geskape het, staan Hy buite menslike tyd en daarom sien Hy die begin en die einde dieselfde tyd raak Omdat Hy vooraf weet wat elke mens gaan besluit, beteken dit nie dat Hy die besluite van mense teen hulle wil manupuleer nie. Daar is ’n verskil tussen Goddelike voorkennis en Goddelike voorafbeskikking. God bestem nie sommige mense willekeurig tot saligheid en ander weer willekeurig tot ewige verdoemenis nie. Wat se liefde sou dit wees!

Wereens word die beginsel van “**in Hom**” beklemtoon.

Dit lyk of God geen aannemer van mense is nie (**Hand.10:34**), maar **dié wat in Sy Seun is word “uitverkies” en aangeneem.**

Aanhalings uit sekere kerke se belydenisskrifte rakende die Uitverkiesing en Predestinasie

*“God is barmhartig, aangesien Hy **dié wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos; God het hulle, uit louter goedheid...in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies...God is regverdigeurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly** waarin hulle hulleself gewerp het”*
(Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 16, uit Psalms en Skrifberymings gebruik by N.G.Kerk, Gereformeerde Kerke en N.H. Kerk in Suid – Afrika, my beklemtoning).

*“Dat God **aan sommige mense in die tyd die gawe van die geloof skenk en aan ander dit nie skenk nie, volg uit sy ewige besluit...Volgens hierdie besluit maak God die harte van die uitverkorenes genadiglik ontvanklik – hoe verhard hierdie harte ook al mag wees – en buig hulle tot geloof”***
(Dordtse Leerreëls, no.6, uit Psalms en Skrifberymings gebruik by N.G.Kerk, Gereformeerde Kerke en N.H. Kerk in Suid – Afrika, my beklemtoning).

Baie ongelowiges vind dit moeilik om in ’n God te glo wat die mag het om verharde harte tot geloof te “buig” en dan kies om sekere mense hel toe te laat gaan! Geen wonder dat die opskrif van Dave Hunt se boek oor Calvinisme se titel “What kind of Love is this” is nie.

Verduideliking van Rom.9 en Hand.13:48

Rom.9 en **Hand.13:48** word gewoonlik deur Calviniste gebruik om te “bewys” dat God soewerein kies om sommige mense te red en ander te verdoem. Dit word gedoen ten spyte van gedeeltes soos **1 Tim.2:3-4** wat verklaar dat God nie wil hê dat iemand verlore moet gaan nie:

*“Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat **alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom**”* (my beklemtoning)

en

2 Pet.3:9 – *“Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, **maar dat almal tot bekering moet kom**”* (my beklemtoning).

Ook word daar op grond van **Rom.9** en **Hand.13:48**, verklaar dat die mens nie ’n vrye wil het nie, en

dit ook ten spyte van die feit dat daar dwarsdeur die Skrif gesien kan word hoe God verag dat mense in sekere situasies moet kies. God gee byvoorbeeld aan Adam en Eva die bevel: *“Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, **daarvan mag jy nie** eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe” (Gen 2:16-17, my beklemtoning).*

Hoe onregverdig sou dit gewees het as Adam en Eva veroordeel was as hulle geen beheer gehad het oor wat hulle besluit het om te doen nie!

So ook word daar aan Israel 'n keuse gestel: *“Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. **Kies dan** die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag” (Deut.30:19, my beklemtoning).*

So spreek Jesus ook sy teleurstelling met die Jode uit: *“Jerusalem, Jerusalem...hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en **julle wou nie!** (Matt. 23:37, my beklemtoning).*

Hoe moet Rom.9, in die lig van voorafgaande verse, verstaan word?

“Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat. Wat sal ons dan sê? Is daar miskien onreg by God? Nee, stellig nie! Want aan Moses sê Hy: Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm. So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is. Want die Skrif sê aan Faraó: Juis hiervoor het Ek jou laat optree, dat Ek in jou my krag kan toon en dat my Naam verkondig kan word op die hele aarde. So is Hy dan barmhartig oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil. Jy sal dan vir my sê: Waarom verwyt Hy dan nog, want wie het sy wil weerstaan? Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord? Die maaksel kan tog nie vir die maker sê: Waarom het u my so gemaak nie? Of het die pottebakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie? En as God, al wil Hy sy toorn bewys en sy mag bekend maak, tog met groot lankmoedigheid die voorwerpe van toorn wat vir die verderf toeberei is, verdra het...” (Rom.9:14-22).

Calviniste lees hulle voorafopgestelde opinie in Rom.9 in sonder om die wyere openbaring van die Skrif in aanmerking te neem. Hulle baseer wat hulle glo hoofsaaklik op die leringe van Johannes Calvyn, Augustinus en ander hedendaagse Calvinistiese leraars.

Rom.9:3

*“Want ek sou self kon wens om ter wille van my broers, **my stamgenote na die vlees**, 'n vervloeking te wees, wég van Christus af” (my beklemtoning).*

In hierdie skrifgedeelte definieer Paulus die onderwerp van sy bespreking, sy *“**stamgenote** na die vlees,”* m.a.w. fisiese Israel – **Paulus praat hier van 'n nasie, nie van individue nie!** Die Skrif self moet verduidelik.

Rom.9:11-13

“Want toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie dat die voorneme van God volgens die verkiesing kon bly staan, nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep, is vir haar (Rebekka) gesê: Die oudste sal die jongste dien. Soos geskrywe is: Jakob het Ek

liefgehad en Esau het Ek gehaat.”

As Paulus sê “soos geskrywe is” dan moet ons na die konteks gaan kyk wat “geskrywe” is. Ons vind dit in **Gen.25:23-26** – *“En die HERE het haar geantwoord: Twee nasies is in jou skoot, en twee volke sal van mekaar gaan uit jou liggaam; en die een volk sal sterker wees as die ander volk; en die oudste sal die jongste dien. En toe haar dae vervul is dat sy moes baar, was daar ’n tweeling in haar skoot. En die eerste is gebore—rooi, geheel en al soos ’n mantel van hare. Daarom het hulle hom Esau genoem. En daarna is sy broer gebore, terwyl sy hand die hakskeen van Esau vashou. Daarom het hulle hom Jakob genoem”*(my beklemtoning).

In Paulus se bespreking van Rebekka se twee seuns, Jakob en Esau, gebruik hy die woord “verkiesing.” Alhoewel Esau die oudste was, het God Jakob uitverkies as die een deur wie se afstammeling die Messias, Jesus Christus, gebore sou word. Let wel, God het nie die man, Jakob tot saligheid uitverkies nie, maar hom en sy afstammeling, die nasie Israel, uitverkies as die instrument deur wie die Saligmaker gebore sou word. Die gedeelte onder bespreking verklaar ook nie dat die man, Esau, vir ewig verdoem is nie. Die gedeelte verklaar ook nie dat al die afstammeling van Jakob gered sal word en dat die hele nageslag van Esau verlore sou gaan nie. Die gedeelte verklaar slegs dat God gekies het dat Jesus uit die nageslag van Jakob gebore moes word, eerder as uit Esau sin. As instrumente in sy hand kan God kies wie Hy wil; selfs ’n donkie is op ’n keer deur Hom gekies as sy instrument om deur te praai (**Num.22:28-30**). Het dit iets van die donkie se saligheid gesê?

Paulus verklaar ook in Romeine 9 dat om ’n fisiese afstammeling van Abraham te wees, nie outomaties God se seëning verseker nie. Dit is wat baie Jode aan vasgehou het, hulle het geglo dat omdat hulle “kinders van Abraham” was, hulle God se guns geniet het. Dit is hoekom Johannes die Doper hulle in sy tyd moes waarsku: *“Dra dan vrugte wat by die bekering pas. En moenie dink om by julleself te sê: ons het Abraham as vader nie; want ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te wek”* (**Matt.3:8-9**).

Rom 9:13 – *“Soos geskrywe is: Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat.”*

Calviniste plaas groot klem op hierdie skrifgedeelte om hulle uitverkiesingsleer te staaf. Paulus kwoteer hier ’n gedeelte uit die Ou Testament en om hierdie aanhaling reg te verstaan, moet na die Ou Testamentiese konteks gekyk word.

Mal. 1:2-4 – *“Ek het julle liefgehad, sê die HERE. Nogtans vra julle: Waarin het U ons liefgehad? Is Esau nie die broer van Jakob nie? spreek die HERE. Tog het Ek Jakob liefgehad, maar Esau het Ek gehaat en sy gebergte ’n wildernis gemaak en sy erfdeel aan die jakkalse van die woestyn prysgegee. As Edom (“Esau, dit is Edom”, Gen.36:8) sê: Ons is wel verwoes, maar ons sal die puinhope weer opbou—dan sê die HERE van die leërskaar dit: Laat hulle bou, Ek breek dit tog af; en die mense sal hulle noem: Grondgebied van goddeloosheid, en: Die volk waarop die HERE vertoorn is tot in ewigheid!”* (my beklemtoning).

Weereens moet daarop gelet word dat in hierdie gedeelte daar weer van twee nasies gepraai word, nie van twee individue nie! Tydens hierdie uitspraak van die profeet was al twee die stamvaders, Jakob en Esau, reeds lankal dood. Die uitspraak het dus betrekking op hulle afstammeling, die Israëliete en die Edomiete.

As God sê dat Hy Esau (die nasie) haat, moet ons ook in gedagte hou wat Jesus gesê het: “As iemand na My toe kom en hy haat nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie” (**Luk 14:26**).

Het Jesus letterlik bedoel dat iemand sy familie moet haat? As Hy beveel het dat jy jou vyande moet liefhê (**Matt.5:44**), hoe kon Hy bedoel dat jy jou familie moet haat? Hierdie “haat” waarvan Jesus praat, moet eerder in ’n vergelykende hoedanigheid gesien word; die liefde wat jy vir Jesus het, moet op ’n veel hoër vlak wees as die liefde wat jy vir enige iemand anders het. Ons kan nie God ten volle dien, terwyl ons mense wat ons terughou probeer behaag nie.

Vergelykenderwys het God Esau se afstammeling nie op dieselfde manier geseën as vir die nasie Israel nie. Dit is waar dat God die volk Esau gestraf het deur hulle land ’n wildernis te maak (**Mal.1:3**), maar het Hy dit sonder ’n rede gedoen? Om God se handeling in perspektief te plaas is dit belangrik om die geskiedenis van Esau na te gaan.

Gen.25:23-26 – “En die HERE het haar geantwoord: **Twee nasies** is in jou skoot, en twee volke sal van mekaar gaan uit jou liggaam; en die een volk sal sterker wees as die ander volk; en **die oudste sal die jongste dien** (my beklemtoning).

Esau is ’n goeie voorbeeld van iemand wat geestelike seën verpand het ter wille van vleeslike genot; hy het sy eersgeboortereg verag. Die profesie in **Gen.25:23-26** dat die oudste die jongste sal dien moet van toepassing wees op die twee volke Israel en Edom, want daar is geen aanduiding in die geskiedenis van die twee manne Jakob en Esau dat Esau, terwyl hy gelewe het, ooit vir Jakob gedien het nie.

Die Bybel verduidelik ook hoekom God Edom verwoes het:

*“So sê die Here HERE aangaande Edom: Weens die geweld teen jou broer Jakob gepleeg, sal skande jou bedek, en jy sal uitgeroei word vir ewig. Die dag toe jy daarby gestaan het, die dag toe vreemdes sy rykdom weggevoer en uitlanders deur sy poorte gedring en die lot oor Jerusalem gewerp het—toe was jy ook soos een van hulle!...moes jy ook nie met genot aanskou het sy onheil op die dag van sy nood nie en nie die hand uitgesteek het na sy rykdom op die dag van sy nood nie!...En jy moes nie gestaan het op die kruispad om sy vlugteling uit te roei nie en nie sy vrygeraaktes uitgelewer het op die dag van benoudheid nie...soos jy gedoen het, sal aan jou gedoen word..” (**Obad.3, 10-15**).*

Edom/Esau het gemaai wat hulle gesaai het (**Gal.6:7**).

Ons sien dus dat Edom/Esau deur God verwoes is as gevolg van sonde. Esau, as man of as ’n nasie, is nie deur God “gehaat” as gevolg van die feit dat hulle van voor die grondlegging van die aarde, deur ’n willekeurige besluit van God tot verdoemenis uitverkies is nie.

God het Israel uitgekies om as nasie die instrument te wees deur wie die Messias gebore sou word. Dit het nie beteken dat die hele Israel tot saligheid uitverkies is nie en ook nie dat die hele Edom bestem is om verdoem te word nie. Petrus bevestig dit: “Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is” (**Hand.10:34-35**).

Hand.13:48 –

“En toe die heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe.”

Weereens, ten spyte van die uitsprake van soveel ander skrifgedeeltes wat die teendeel bewys, is Calviniste oortuig dat **Hand.13:48**, op grond van hulle vertolking van die betekenis van die woord “verordineer”, onvoorwaardelike uitverkiesing “bewys.” As die Griekse teks egter sonder vooropgestelde idees gelees word, kom ’n mens tot ander insigte.

Die betekenis van “verordineer” in Hand.13:48 – tetagmenoi, afgelei van tassō –

“marshalled themselves, prepared themselves, or disposed themselves” (Alford, The Greek New Testament, II:153;

Hierdie verklaring van die betekenis van die woord pas die beste by die grammatikale vorm waarin dit gebruik word. Die werkwoord is nie in die passiewe vorm nie en die middel modus waarin dit gebruik word, beteken dat die onderwerp self verantwoordelik is vir die aksie. Hierdie betekenis van die woord pas ook die beste by die konteks van wat in **Hand.13** gebeur het. In Antiochië het Paulus met die Jode gepleit om Jesus Christus in geloof aan te neem, maar hulle het geweier: *“Laat dit dan aan julle bekend wees, broeders, dat deur Hom vergifnis van sondes aan julle verkondig word, en dat elkeen wat glo, deur Hom geregverdig word... baie van die Jode en die godsdienstige Jodegenote het Paulus en Bárnabas gevolg. Dié het hulle toegesprek en hulle probeer beweeg om in die genade van God te bly...Maar toe die Jode die skare sien, is hulle met nydigheid vervul en het met lasterlike woorde weersprek wat deur Paulus gesê is” (Hand.13:38-43).* *“En toe die heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat verordineer was (who “marshalled themselves, prepared themselves, or disposed themselves” (Alford, The Greek New Testament, II:153) tot die ewige lewe” (Hand.13:48, my beklemtoning).*

Hierdie verduideliking wat ’n sekere gesindheid ten opsigte van die waarheid beskryf, pas meer in by die onmiddellike konteks en ook by dit wat in die res van die Skrif geopenbaar word. So byvoorbeeld lees ons die volgende aangaande die mense van Berea aan wie Paulus-hulle ook die Evangelie verkondig het: *“En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessalonika; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was. Baie van hulle het dan ook gelowig geword...” (Hand.17:11-12).*

Jesus self het die voorwaarde vir die ontvanklikheid van waarheid so beskryf: **“As iemand gewillig is om sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit uit God is, en of Ek uit Myself spreek” (Joh.7:17).**

In al hierdie gedeeltes waarna verwys word, is daar geen aanduiding dat dié wat gelowig geword het, volgens ’n ewige besluit gepredestineer is om gered te word nie. Volgens wat die Skrif openbaar, maak ons die afleiding dat die Heilige Gees die harte van alle mense wil beïnvloed om die Evangelie te aanvaar. So byvoorbeeld moes die Heilige Gees al lank met Paulus bemoeienis gemaak het, want ons lees dat tydens sy bekering op pad na Damaskus, Jesus vir hom sê: *“Ek is Jesus wat jy vervolg. Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop” (Hand.9:5, my beklemtoning).* Hier is nog ’n voorbeeld van die feit dat iemand die werking van die Heilige Gees kan weerstaan. Eers toe Jesus Homself op ’n dramatiese manier deur ’n sterk lig aan Paulus openbaar, het hy met bewing gevra: *“Here, wat wil U hê moet ek doen?” (Hand.9:6).* In Paulus se geval kry ’n mens nie die idee van ’n

robotagtige bekering nie. Paulus se wil was betrokke.

Hand.13 handel nie oor uitverkiesing van voor die grondlegging van die aarde nie, maar oor die reaksie van mense, op daardie tydstep, op die verkondiging van die Evangelie. Die implikasie van die konteks van Handeling hoofstuk 13 is dat die mense 'n hele week gehad het om die woorde van Paulus-hulle te oorweeg, en nadat hulle hom vir 'n tweede keer gehoor het, het sommige oortuig geraak. Hulle bekering was nie 'n passiewe ontvangs van die Woord nie, maar 'n deurdagte respons op Evangelieverkondiging.

Die Pottebakker en die klei – Jer.18:1-10

Net soos in **Rom.9** het die profetiese woorde in **Jer.18** betrekking op die volk Israel en op ander nasies, nie op individue nie. Nêrens in die konteks is daar enige aanduiding dat God individue willekeurig tot saligheid of verdoemenis predestineer nie.

*“Sal Ek nie soos hierdie pottebakker met julle kan maak nie, o huis van Israel? spreek die HERE. Kyk, soos klei in die hand van die pottebakker, so is julle in my hand, **o huis van Israel!** In een oomblik sal **Ek spreek oor 'n nasie en oor 'n koninkryk** om dit uit te ruk en om te gooi en te vernietig; maar as **dié nasie** waaroor Ek gespreek het, hulle bekeer van hul boosheid, sal Ek berou hê oor die onheil wat Ek van plan was om hulle aan te doen” (**Jer.18:6-8**, my beklemtoning).*

Voorkennis en Voorafbeskikking

Daar is 'n verskil tussen God se **voorkennis** en Sy **voorafbeskikking**. Omdat God alles geskape het, staan Hy buite menslike tyd en kan Hy daarom 'n persoon se geboorte en sy dood op dieselfde oomblik waarneem. Die feit dat God alles vooraf weet, beteken nie noodwendig dat Hy alles vooraf beskik nie. Dit beteken maar net dat Hy voor die tyd weet wat mense gaan besluit en wat alles gaan gebeur. Alhoewel Hy alles vooraf weet, beteken dit nie dat Hy die wil van die mens gaan verkrag om hulle lewe vooraf te beskik nie. Hy laat aan mense die vryheid toe om hulle eie besluite te neem. Aangesien God se voorkennis nie aan mense bekend is nie, kan dit nie as verskoning vir hulle besluite gebruik word nie.

Exodus 7:3 “Ek sal Faraó se hart verhard.”

Skrif kan nie Skrif weerspreek nie en omdat God se Woord verklaar dat dit nie Sy wil is dat iemand verlore gaan nie (**1 Tim.2:4**), moet die verse wat op die oog af lyk of God die inisiëerder van Faraó se verhardheid was, 'n logiese verklaring hê. **Exodus 3:19** verskaf die verduideliking. In hierdie vers sien ons duidelik wat God vooraf van Faraó geweet het (Sy voorkennis):

“Maar Ek weet dat die koning van Egipte julle nie sal laat gaan nie, ook nie deur 'n sterke hand nie.”

God het nie die verharding van Faraó se hart geïnisieer nie.

Hy het maar net gereageer op wat alreeds in die Egiptiese leier se hart was en die omstandighede geskep wat veroorsaak het dat dit te voorskyn kom (**Matt.12:34-35**). Ten spyte van die feit dat Faraó al reeds vir baie jare die wrede onderdrukker van Israel was, het God hom keer op keer genadiglik 'n kans gebied om tot bekering te kom (elke plaag was bedoel om Faraó tot inkeer te bring, maar elke keer het hy geweier (**Ex.7:14,16,8:15,19, Ex.9:27...**))

In die Nuwe Testament kry ons dieselfde beginsel – as iemand sy of haar hart verhard en

nie op Goddelike openbaring wil reageer nie, kom daar 'n stadium waar God hulle aan hulle eie begeertes oorgee:

“omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid” (2 Thess.2:10-12).

Paulus beklemtoon dieselfde waarheid:

*“Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk...**Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee** aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer, hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper..Daarom het God hulle oorgegee aan skandelige hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang” (Rom.1:18-27, my beklemtoning).*

Slotsom

Volgens die Skrif is dit duidelik dat omdat God nie wil hê dat iemand verlore moet gaan nie, Hy deur die werking van die Heilige Gees almal probeer beïnvloed om tot bekering te kom. Omdat die mens egter 'n vrye wil het, moet hy of sy ten opsigte van God se toenadering, reageer.

Die Nuwe Testamentiese gebruik van die woord “uitverkiesing” kan net verstaan word as daar op gelet word dat dit altyd in die konteks van “in Christus” gebruik word: “...soos Hy ons **in Hom uitverkies** het...” (Ef.1:4). God “kies” Sy Seun en Hy, Jesus, stuur 'n algemene uitnodiging uit: “Kom na My toe, **almal** wat vermoed en belas is, en **Ek sal julle rus gee**” (Matt.11:28). As 'n sondaar op Jesus se uitnodiging reageer, kies hy om in Christus te wees, en in Hom, is hy dan uitverkies. Om te sê dat die “almal” in Jesus se uitnodiging net betrekking het op 'n sekere selektiewe groep mense, is om van Jesus 'n leuenaar te maak. As woorde betekenis het, beteken “almal” almal.

Vier groepe uitverkorenes van God in die Bybel

1. Jesus Christus – **Jes. 42:1, 1 Pet.2:6**
2. Alle Christen gelowiges wat op Jesus se uitnodiging gereageer het – **Ef.1:4,**
3. Israel – **Jes.45:4**
4. Engele – **1 Tim.5:21**

Nick Maartens

0827826074,

E-pos: nickmaartens@hotmail.com

Webtuiste: www.nickmaartens.co.za